**Hersieningsoefening (Hoofstuk 15)**
Gebruik die onderstaande teks om die vrae te beantwoord:

**Meisies wat ons inspireer**
**1. Malala Yousafzai**
’n Terroristegroep, die Taliban, het meisies in Pakistan probeer verbied om skool te gaan. Malala het ’n blog begin waarin sy geskryf het sy glo meisies is ook daarop geregtig daarop om skool te gaan. Sy het in 2014 die jongste mens ooit geword wat ’n Nobelprys gewen het.
**2. Tavi Gevinson**
Tavi Gevinson was net 12 jaar oud toe sy in 2008 ’n blog oor modes begin het. Groot tydskrifte en koerante het haar gevra om vir hulle te skryf en sy is na internasionale modegeleenthede genooi. Deesdae is sy die hoofredakteur van *Rookie Online*.
**3. Mo’ne Davis**
’n Dertienjarige skoolmeisie, Mo’ne Davis, het skielik die veld aan die brand begin speel in Amerikaanse bofbal en die tydskrif *Time* het haar verlede jaar as een van die invloedrykste tieners ter wêreld aangewys.
**4. Brittany Wenger**
Brittany Wenger was in 2012 die wenner van die *Google Science Fair*. Nadat haar niggie borskanker gekry het, het Brittany ’n rekenaarprogram geskryf wat menslike weefsel ontleed om borskanker vroeg op te spoor.
**5. Natalie du Toit**
Natalie du Toit was 17 jaar oud toe sy haar been in ’n motorfietsongeluk verloor het. Sy was egter vasbeslote om aan te hou met haar eerste liefde – swem. Sy het slegs die derde atleet in die geskiedenis geword wat ’n ledemaat verloor het en steeds vir die Olimpiese Spele kon kwalifiseer.

1. Verbind die sinne met die voegwoord (verbindingswoord) tussen hakies.
1.1 Die Taliban het meisies verbied om skool te gaan. Malala het geglo meisies is geregtig om skool te gaan. (maar) (2)
1.2 Tavi was net twaalf. Sy het 'n blog oor modes geskryf. (alhoewel) (2)
1.3 Brittany Wenger het 'n rekenaarprogram geskryf. Haar niggie het borskanker gekry. (omdat) (2)

2. Is die uitdrukking, "die veld aan die brand begin speel" in paragraaf 3 ’n voorbeeld van denotasie of konnotasie? Verduidelik jou antwoord. (2)

3. Herskryf die sinne deur te begin met die woorde tussen hakies. Maak seker die woordorde is korrek.
3.1 Sy speel Amerikaanse bofbal en dit is ongewoon vir ’n meisie. (Toe sy ’n jong tiener was ... ) (2)
3.2 Natalie du Toit besluit sy gaan steeds swem. (Na die motorfietsongeluk ...) (2)
3.3 Brittany ontwerp 'n rekenaarprogram. (Nadat haar niggie borskanker gekry het ...) (2)

4. Skryf die korrekte vorm van die deelwoord tussen hakies neer.
4.1 Meisies is verbied om skool toe te gaan. Dit was (verbied) vir hulle. (1)
4.2 Sy het ’n blog geskryf. Die (geskryf) inligting het haar bekend gemaak. (1)
4.3 Haar eerste liefde was swem; nie ’n seun wat haar met ’n (breek) hart agtergelaat het nie. (1)

5. Skryf goeie sinne deur die uitdrukkings konnotatief (figuurlik) te gebruik.
5.1 gaan deur diepe waters (1)
5.2 ’n skrale kans (1)
5.3 ’n teer sakie (1)

**Totaal: 20 punte**


Hierdie bladsy mag gekopieer word.

**Memorandum van die hersieningsoefening (hoofstuk 15)**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Die Taliban het meisies verbied om skool te gaan, maar Malala het geglo meisies is daarop geregtig om skool te gaan. | (2) |
| 1.2 | Alhoewel Tavi net twaalf was, het sy ’n blog oor modes geskryf. | (2) |
| 1.3 | Brittany Wenger het ’n rekenaarprogram geskryf omdat haar niggie borskanker gekry het. | (2) |
| 2. | Denotasie – dit beteken dat sy baie goed begin speel het. | (2) |
| 3.1 | Toe sy ’n jong tiener was, het sy Amerikaanse bofbal gespeel en dit was ongewoon vir ’n meisie. | (2) |
| 3.2 | Na die motorfietsongeluk het Natalie du Toit besluit sy gaan steeds swem. | (2) |
| 3.3 | Nadat haar niggie borskanker gekry het, het Brittany ’n rekenaarprogram ontwerp. | (2) |
| 4.1 | verbode | (1) |
| 4.2 | geskrewe | (1) |
| 4.3 | gebroke | (1) |
| 5.1 | Na die ongeluk het sy deur diepe waters gegaan omdat sy haar been verloor het. | (1) |
| 5.2 | Daar is ’n skrale kans dat jy steeds jou jaar kan slaag. | (1) |
| 5.3 | Die verhouding wat verbreek is, is ’n teer sakie. | (1) |

**Totaal: 20 punte**